15 September **Skrifgedeelte: Spreuke 31**
Fokusgedeelte: Spreuke 2:13

Die twee paaie deur die lewe

Vers 13 noem twee paaie: die regte pad en die donker pad. Christus praat van die breë pad wat na die verderf lei en die smal pad wat na die ewige lewe lei (Matt 7:13-14). ’n Mens kan van die een pad oorgaan na die ander. Wie van die donker pad oorstap na die smal weg van die ewige lewe, is dié mense wat tot bekering kom (Eseg 18:27-28). Die mense wat van die regte pad oorgaan na die verkeerde pad is mense wat God verloën en afvallig word (Eseg 18:26; Sef 1:6). Die sondige mense kom op die verkeerde pad as hulle nie hou van die atmosfeer en leefwyse op die regte pad nie (Job 24:13-16; 2 Tim 4:10). Hulle verlaat die pad van die geloof waarin hulle opgevoed is (Heb 6:4-6). Hulle maak hulle los uit die gemeenskap van die lig en gaan doelbewus oor tot die weg van die verderf waar die duisternis regeer (1 Joh 2:19). Hulle haat die lig en het die duisternis lief (Joh 3:19-20; Spr 4:18-19). Om te verhoed dat sy kinders hierdie pad volg, gee God aan hulle die wysheid van die Woord. Wie die wysheid van die Woord van God aanneem (vers 9), sal kennis, oordeelkundigheid en verstandigheid hê om te kan onderskei tussen die regte en die slegte pad. Dit is waarom Christus die mense ook vermaan het: "Lewe in die lig terwyl julle dit het sodat die duisternis julle nie oorval nie. Wie in die duisternis lewe, weet nie waar hy gaan uitkom nie” (Joh 12:35). Dié raad van God kan jy alleen nakom indien jy onwrikbaar vashou aan die Woord van God.

Sing: Psalm 17:2 Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)